Dosent aktief in navorsing

Elise Tempelhoff

'n Span navorsers van die Puk gaan vir die volgende aantal jare navorsing doen oor leerlinge se dissipline in die land se skole.

Een van die navorsers is dr. Elda de Waal, senior lektor in onderwysreg en onderwysbestuur in die skool vir gedragwetenskappe aan die Vaalpukke.

Sy het pas saam met prof. Izak Oosthuizen van die vakgroep opvoedkunde op die hoofkampus van die universiteit begin werk aan dié unieke navorsingsprojek oor ``leerlingdissipline in skole".

Die kern van die saak draai om die bestudering en ontleding van leerlinge se wangedrag (byvoorbeeld traagheid by die voltooiing van tuiswerk, moedswilligheid, laksheid, onbeskoftheid en eiesinnigheid) en die invloed en implikasies daarvan op die handhawing van dissipline en orde op skool, sê De Waal.

Sy sê voorbeelde van vrae waarop antwoorde tydens die navorsing gesoek sal word, is:

Watter dissiplinêre probleme gee leerlinge op skool?

Wat is die oorsake van die ongedissiplineerde leerlinggedrag op skool?

Hoe lyk 'n gedissiplineerde skoolomgewing?

Watter voorkomende en afwerende onderwyskundige maatreëls kan getref word om 'n

gedissiplineerde skoolomgewing te skep?

Hoe kan opvoeders toegerus word om 'n positiewe dissiplinêre klimaat in die onderwyspraktyk te verhoog?

Watter verband bestaan daar tussen dissipline en leerling-

gedrag?

Watter juridiese vereistes geld by die toepassing van dissipline op skool?

Volgens De Waal sal verskeie dinamiese metodes met die navorsing gebruik word, byvoorbeeld:

literatuurstudie;

regsvergelykende metodes (Suid-Afrika/Engeland/Australië);

reëls by die uitleg van wetgewing;

kwantitatiewe metodes (gestruktureerde vraelyste);

kwalitatiewe metodes (onderhoudskedule); en

deelnemende aksienavorsing (altesame 70 skole, hoofde, ouers en leerlinge sal hierby betrek word).

Op tussenuniversitêre vlak werk De Waal tans onder leiding van prof. Jonathan Jansen, dekaan van opvoedkunde aan die Universiteit van Pretoria, as lid van die CELP-komitee (Interuniversity Centre for Education Law and Education Policy) aan 'n MIV/vigs-navorsingsprojek. Sy bestudeer ook saam met dr. Linda MacFarlane, senior dosent in opvoedkundige sielkunde op die Vaaldriehoekkampus, die aard en uitwerking van konflik in openbare skole.

``Nog 'n onderwerp wat op die oomblik in die spervuur van die Suid-Afrikaanse onderwys staan, is die netelige kwessie van onderwysers se ernstige wangedrag wat 'n nadelige uitwerking op die regte van leerlinge het," sê De Waal.

Hieroor het sy saam met dr. J.P. Rossouw, senior dosent in opvoedkunde op die hoofkampus, aan 'n referaat gewerk wat hy (Rossouw) eersdaags namens albei in Kanada op 'n kongres gaan lewer.